# MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING

## NOTULE VAN VERGADERING GEHOU OP WOENSDAG 7 JUNIE 2017 OM 13h00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL

### 1. OPENING EN VERWELKOMING

Jasper van Zyl open die vergadering met gebed.

Die voorsitter heet almal welkom in besonder vir **Daan Smith**, voorsitter van Gleniqua Belastingbetalersvereniging as besoeker by ons.

### 2. PRESENSIE EN VERSKONINGS

Die presensielys word gesirkuleer. Verskonings ontvang van Charl Coetzer, Johan Lotter, Francois Thiart en Rdl Anton Dellemijn

### 3. LIEF EN LEED

Ons dink aan Donovan se vrou Chantal wat in n motorongeluk was.

### 4. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN VORIGE VERGADERING

Die notule van vergadering gehou op 3 Mei 2017 word goedgekeur. Voorgestel deur Buks Pieterse en gesekondeer deur Frik Nel

### 5. SAKE VOORTSPRUITEND UI VORIGE NOTULE

5.1 Die bouinspekteur in die Midbrak omgewing is met verlof en was dus nie teenwoordig

5.2 Reebokrif HEV - Die voorsitter deel die vergadering mee dat die probleme nie oornag opgelos gaan word nie en dat dit n lang uitgerekte proses gaan wees om probleme op te los.

5.3 Klein Brakrivier Bootlandingsplek - brief ontvang vanaf Munisipaliteit dat dit afgekeur is

5.4 Sandhoogte/Sorgfonteinpad - Provinsiale pad in uiters swak toestand maar word dit voorsien dat dit nie binnekort herstel gaan word nie

5.5 Vergadering Min. D Grant, 11 Mei 2017- Kontrakteurs behoort by einde van jaar op terrein te wees.

### 6. AANVULLENDE AGENDA

6.1 Rdl Annetjie J van Rensburg gee terugvoer dat POWERTOWN verskuiwing volgens plan verloop.

### 7. NUWE SAKE VIR BESPREKING

7.1 Die Voorsitter deel die vergadering mee dat voorsien word om bouplanne binne 3 dae goedgekeur sal word en ook elektronies ingedien sal kan word.

Dit is ‘n eerste deur munisipaliteit van Mosselbaai Munisipaliteit – baie geluk!!!

Flippie Bezuidenhout stel voor **dat Munisipaliteit versoek word om nuwe ontwikkellings kennisgewings per e-pos (info@midbrakratepayers.co.za )aan MBBV te stuur om ons sodoende op hoogte te hou van wat in ons area gebeur.**

7.2 Die probleem met die hinderlike reuke vanaf Rheebok stene is alreeds aan Eden gerapporteer deur munisipaliteit en indien dit voortduur sal die probleem verder gevoer word.

7.3 Kennis word geneem van die visie vir n treindiens wat beplan word van Groot Brakrivier tot Mosselbaai wat, as dit kan realiseer, die druk van verkeer op Louis Fourieweg sal kan verlig.

7.4 Buks Pieterse stel voor dat n versoek gerig moet word aan die Munisipalitet en/of Eden om ons te kom toespreek aangaande die strategiese beplanning aangaande die stand van water in ons omgewing en wat beplan word om te verseker dat ons in die toekoms genoeg water en krag sal he.

**Munisipale Direkteur Carel Venter is genooi om ons vergadering op 2 Augustus by te woon vir gesprek rondom toekomstige ontwikkeling in groter Mosselbaai area.**

**8. WEBSITE INSTANDHOUDING**

Die Voorsitter deel vergadering mee dat daar n jaarlike fooi betaalbaar is vir die instandhouding van die webwerf en dat die webtuiste (www.midbrakratepayers.co.za ) asseblief bemark en gebruik moet word.

**9. BYWONING VAN MUNISIPALE RAADSVERGADERINGS**

Daar word besluit dat **Mike Wray en Ann Pretorius** die volgende vergadering op 29 Junie 2017 sal bywoon aangesien die voorsitter oppad is na Malawi.

**10. WYKSKOMITEES - TERUGVOER**

Wyk 4 - Rdl Annetjie J van Rensburg deel ons mee dat hulle nou kleiner groepe op n keer besoek en dat baie goeie insette gelewer word deur inwoners.

Wyk 5 - George Nezar gee terugvoering van projekte uit wyk 5.

**11. FINANSIES**

Tekenmagte nou in orde.( Voorsitter, Onder-Voorsitter en Sekretaresse/Tesourier tekenmagte verkry met twee van die drie wat moet teken )

**Rdl Anton Dellemijn** sal kwitansieboeke in sy besit aan voorsitter lewer vir gebruik deur lede.

**<u>Die vereniging maak staat op vrywillige bydraes om voort te gaan met hul werksaamhede..</u>**

**12. POLISIERING/BUURTWAG**

Jaques Radley gee terugvoerdat daar slegs 1 inbraak die afgelope 3 maande was en dat dit toegeskryf kan word aan die sigbaarheid van lede.

Die volgende vergadering sal op 3 Julie 2017 om 18h00 wees , kaptein Kitching sal ook teenwoordig wees om te praat oor wanneer jy jou vuurwapen wettig gebruik mag word asook a/o Koekomoer wat weer oor selfvediging sal praat.

**13. BEWAREA**

Nuwe bestuur moet gekies word. **Frik Nel** sal versoek rig aan Matthew Thorpe en voorstel dat MBBV vergaderings bygewoon word vir terugvoering.

Frik Nel het onttrek van BEWAREA

## 14. PLAASLIKE SAKE

Geen probleme in die area **behalwe brandgevaar in Wag -n- Bietjielaan Reebokrif**.

**Buks** sal e-pos stuur oor die probleem met afskrif na voorsitter.

**Buks** sal ook e-pos stuur oor sand wat bouer in **Kusweg** onwettig stort op duinarea.

Reebok onderkant van spoor het 'n **vakature vir 'n lid**. Lede versoek om iemand te identifiseer.

## 14. KORRESPONDENSIE

14.1 Kennisgewing ontvang van "PUBLIC MEETINGS FOR THE DEMARCATION OF COASTAL MANAGEMENT LINES IN THE EDEN DISTRICT" wat sal plaasvind op Vrydag 9 Junie 10h00 - 12h00 te Reebok gemeenskapsaal.

Lede word aangemoedig om dit asb. by te woon.

## 15. ALGEMEEN

Buks vra dat die **spesifieke kennis areas** vir CV's vir gebruik van **gryskrag** deur Munisipaliteit, deur **Flippie** aan hom aangestuur word, indien Flippie dit kan bekom. (Moontlik op munisipale webtuiste ?)

Jasper van Zyl wens voorsitter 'n veilige reis toe na Malawi vir hul sendinguitreik.

## 16. VOLGENDE VERGADERING

Die volgende vergadering sal plaasvind op **2 Augustus 2017** en **NIE op 5 Julie 2017** daar die voorsitter en onder-voorsitter nie beskikbaar sal wees nie.

| ***MBBV & B AKTIWITEITSLYS 2017*** | | |
|---|---|---|
| ***Nr*** | ***ONDERWERP*** | ***BESPREKING*** |
| 1 | MIDBRAK N2/R102 - Ontwikkeling - voorgestelde grondgebruik verandering vanaf landbou of onbepaalde gebruik of n soortgelyke sonering na enige ander grondgebruik vir dorpstigting | Augustus 2017 |
| 2 | Sake by Munisipale Regsafdeling: | **Rdl Anton** |
| a | Tennisbane - Klein-Brakrivier(navraag oor eiendomsreg) | |
| b | Erf 264 EN 271, Reebok (vordering van eiendomsreg) | |
| C | Koraalsingel 43 (vordering) Regsgeding | |

**GELUK MOSSELBAAI MET DIE WEN VAN DIE DORP VAN DIE JAAR TOEKENNING !!!!!!!**